

## **Hardloop die wedloop met die oog gerig op Jesus (OP109)**

**Heb 12:1-2**

**20 November 2022**

Vandag begin ons om te kyk na Heb 12. Kom ons staan net eers terug en herinner onself aan die argument waarmee die Hebreërskrywer besig is. In Heb 10:19-20 het hy die broers, d.w.s. on as gelowiges, herinner aan die heerlike waarheid dat ons met vrymoedigheid in die heiligdom mag ingaan langs die nuwe en lewende weg wat Jesus vir ons geopen het, en wat selfs tot in die Allerheiligste van die ware tabernakel strek. In Heb 10:35 het hy ons opgeroep dat ons tog nie hierdie vrymoedigheid om te mag ingaan moet prysgee nie – want dit hou ‘n groot beloning in, die beloning is natuurlik om in die Allerheiligste van die ware tabernakel te mag ingaan. Uit verse 36 en 38 het dit duidelik geword die manier waarop ons seker kan maak dat ons nie hierdie vrymoedigheid prysgee nie, is deur te volhard in die geloof – geloof in die Seun wat die nuwe lewende weg geopen het. In Heb 11 het die skrywer ons baie geleer oor geloof, waarna ons die afgelope paar weke gekyk het. Hy het vir ons daardie funksionele definisie gegee dat geloof ons sekerheid gee oor wat ons hoop en oortuig van die dinge wat ons nie sien nie. Ons hoop is natuurlik om in die Allerheiligste te mag ingaan, en die dinge wat nie met die blote oog gesien kan word nie, is die nuwe lewende weg wat Jesus geopen het en waarlangs ons moet ingaan. Daarna het hy vir ons talle voorbeelde gegee van Ou Testamentiese gelowiges. Wat veral uitgestaan het uit hierdie voorbeelde is dat hierdie gelowiges vooruit gekyk het in die geloof. Dink maar aan Abraham wat uitgesien het na die stad met fundamente waarvan God self die argitek en boumeester is – dit is natuurlik niks anders nie as om uit te sien om in die heiligdom in te gaan nie. Of dink aan Isak, Jakob en Josef wat op hulle sterfbeddens steeds vorentoe gekyk het in afwagting op die volle vervulling van God se belofte om te mag ingaan. Aan die einde van Heb 11 in verse 39-40 het ons geleer dat alhoewel God met lof oor die geloof van hierdie gelowiges praat, het hulle nie die vervulling van daardie krities belangrike belofte van God, dat Sy Seun sou kom, gesien nie. Maar ons, die Nuwe Testamentiese gelowiges, het dit wel gesien gebeur – en in ‘n sekere sin is ons dus meer bevoorreg as hulle deurdat ons onder die nuwe verbondsadministrasie van God se ewige verbond mag leef. Maar, ons, sowel as die Ou Testamentiese gelowiges, wag nog steeds op die volle vervulling van God se beloftes. Ons kyk nog steeds almal saam vorentoe om almal saam in volheid in die heiligdom te mag ingaan, wanneer ons almal saam nuwe, geestelike opstandingsliggame mag ontvang, met die finale oordeel almal saam die koninkryk van die hemel mag beërf, en almal saam as deel van die nuwe Jerusalem finaal in die Allerheiligste mag ingaan, waar God by ons sal woon.

Met dit alles in gedagte, lees ons nou wat Heb 12:1-2 sê. Lees Heb 12:1-2. Die “daarom” aan die begin van vers 1 sê dat dit wat hier volg, bou op die argument waarmee die skrywer tot hiertoe besig was.

### Hardloop die wedloop met volharding (Heb 12:1)

Die eerste saak wat ek wil uitlig is dat ons in vers 1 opgeroep word om die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding te hardloop. Die nuwe lewende weg waarlangs ons die heiligdom mag ingaan, is dus ‘n wedloop. Die pad van die gelowige is ‘n wedloop. Hierdie wedloop begin wanneer ons wedergebore word, oftewel wanneer ons tot geloof kom, en dit eindig wanneer ons hierdie wêreld verlaat. Gedurende die gelowige se lewe hier op aarde is hy in ‘n wedloop.

Paulus beskryf ook die pad van die gelowige as ‘n wedloop. Lees 1 Kor 9:24-26. Paulus beskryf hier dat ons aan ‘n wedloop deelneem, en dat daar aan die einde van die wedloop ‘n oorwinningskrans is vir die een wat wen. Hy wys ons daarop hoedat atlete in ‘n wedloop dissipline toepas sodat hulle

daardie prys kan ontvang. Sy punt is dat as atlete in 'n wêreldse wedloop soveel moeite aan die dag lê om 'n verganklike oorwinningskrans te ontvang, dan moet ons as gelowiges selfs nog meer dissipline aan die dag lê – immers ons neem deel om 'n onverganklike oorwinningskrans te ontvang, dit is om in die Allerheiligste van die ware tabernakel te mag ingaan, in daardie stad met die fundamente. Die implikasie is ons moet hierdie geloofswedloop hardloop met inspanning. Dit is waarvan Jakobus praat as hy sê dat geloof sonder werke, sonder inspanning, sonder hardloop, dood is. As jy langs die nuwe lewende weg wil ingaan, moet jy hardloop. Die pad van geloof is nie maar net om 'n warm gevoel te hê oor God vir jou sorg nie, dit is nie maar net 'n intellektuele oefening om te leer van God se handelinge nie. Nee, dit is hardloop. Paulus sê jy hardloop doelgerig.

Heb 12:1 sê egter nie net ons moet hardloop nie, dit sê ons moet met volharding hardloop, d.w.s. ons sal moet hardloop tot aan die einde van die wedloop, ons moet nie opgee voor ons by die wenstreep kom nie. Onthou Heb 10:35-36: sonder volharding gee ons ons vrymoedigheid prys om te mag ingaan. Onthou daardie Ou Testamentiese gelowiges wat selfs op hulle sterfbeddens hulle nog steeds beywer het om God se beloftes in vervulling te laat gaan deur hulle kinders te seën, of Josef wat seker gemaak het hy gaan deel was van die uittog deurdat hulle sy beendere moes saamneem. In Luk 8:15 lees ons dat die saad wat op goeie grond geval het na die mense wys wat die woord met 'n goeie en opregte hart aanhoor, daaraan vashou en met volharding vrug dra. Aan die einde van sy lewe, skryf Paulus die volgende in 2 Tim 4:7-8 “Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voltooi, ek het die geloof behou. Nou wag die oorwinningskrans van geregtigheid op my, wat die Here, die regverdige Regter, op daardie dag vir my sal gee – en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat Sy koms liefhet”.

#### Laat ons van elke las ontslae raak (Heb 12:1)

Een van die maniere waarop ons met volharding hardloop, is deurdat ons van elke las ontslae raak. Dit is tog wat ons sien wanneer atlete aan 'n wedloop deelneem: hulle het nie enige bagasie wanneer hulle hardloop nie. Hulle maak seker dat hulle die ligste klere aan het en verder het hulle niks by hulle tydens die wedloop nie. Enige bagasie sal hulle eenvoudig terughou tydens die wedloop.

Wat is die laste waarvan ons in die geloofswedloop moet ontslae raak? Meeste kommentatore is dit eens dat dit verwys na dinge wat nie noodwendig op sigself sonde is nie, maar wat baie maklik ons aandag kan aftrek van die geloof. Dit is dinge soos geld. Natuurlik is daar voorbeelde van ryk gelowiges in die Bybel, bv. Abraham. Maar geld kan maklik ons aandag aftrek van die geloofswedloop. Ander voorbeelde is: ambisie, sukses of stokperdjies – hierdie dinge kan 'n las word wanneer dit my tyd en aandag in beslag neem en my fokus van die geloofswedloop wegneem. Dit kan ook dinge wees soos die sorg van die lewe of wêreldgebeure wat my so bekommerd maak dat ek oor niks anders dink nie. In die gelykenis van die saaiër sê Jesus die saad wat tussen die dorings geval het, wys na die mense wat die woord hoor, maar die bekommernisse van hierdie wêreld en die verleiding van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug (Mat 13:22).

Lees 1 Tim 6:6-10. Hier is dit duidelik hoe gevaarlik rykdom en geld en die hunkering daarna kan wees. Soos vers 6 sê: 'n Groot wins is om godvresend te wees en om daarmee saam tevrede te wees met dit wat jy het. Immers het ons niks in die wêreld ingebring en immers kan ons niks uit die wêreld saamneem nie – laat ons daarom tevrede wees as ons kos en klere het. Aardse skatte gaan niks help om in die heiligdom in te gaan nie.

#### Laat ons ontslae raak van die sonde wat ons so maklik omring (Heb 12:1)

Die harde realiteit is dat selfs wedergebore gelowiges wat besig is met die wedloop om in die Allerheiligste van die ware tabernakel in te gaan, val steeds in sonde tydens hierdie wedloop. Dit is tog die stryd waarvan Paulus in Rom 7:18-19 praat: "Ek weet immers dat die goeie nie in my woon nie, dit wil sê nie in my sondige aard nie. Die wil bestaan wel by my, maar die doen van die goeie nie. Die goeie wat ek wil, doen ek nie; maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek." In Rom 8:12-13 beskryf Paulus dat ons eenvoudig nie volgens ons oorblywende sondige aard moet leef nie, maar ons moet hierdie praktyke van ons sondige aard deur die werk van die Heilige Gees doodmaak.

Lees Ef 4:20-24. Hier praat Paulus ook oor gelowiges wat Jesus leer ken het. Sulke gelowiges, sê hy, moet die ou mens aflê, d.w.s. gelowiges moet hulle vroeëre lewenswandel, voor hulle tot geloof gekom het, aflê. Daarmee saam moet hulle die nuwe mens as kleed aantrek, dit beteken hulle moet in ware geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God se wil leef.

Die punt van die Hebreërskrywer, en dus van die Heilige Gees, is dit: Ons as gelowiges is in 'n wedloop. Aan die einde van die wedloop is daar die oorwinnaarskrans om in die heiligdom te mag ingaan. Ons hou hierdie oorwinnaarskrans in gedagte in die wedloop. Enigiets wat die gevaar inhou dat ons ons fokus op hierdie einddoel kan verloor, raak ons van ontslae. Enigiets wat ons alreeds laat struikel het en tot gevolg gehad het dat ons nie gegroei het in heiligheid nie, raak ons ook van ontslae. Ja, dit verg inspanning en opofferings, maar in vergelyking met die oorwinnaarskrans wat wag, is dit meer as die moeite werd.

#### Ons het 'n groot wolk getuies rondom ons (Heb 12:1)

Tot dusver het ons gesien dat om in die heiligdom langs die nuwe lewende weg te mag ingaan, beteken dat ons aan 'n wedloop met inspanning moet deelneem. Ons moet voortdurend daardie oorwinnaarskrans in gedagte hou in die wedloop, en van enige las wat ons aandag mag aftrek, moet ons ontslae raak, asook van enige sonde. Vers 1 voeg egter ook by dat ons in hierdie wedloop 'n groot wolk getuies rondom ons het. Wie is hierdie getuies? Dit is natuurlik die Ou Testamentiese gelowiges wat in Heb 11 bespreek is.

Baie dikwels word hierdie vers soos volg geïnterpreteer: Ons, die gelowiges wat tans leef, is die deelnemers aan die wedloop op die baan. Die Ou Testamentiese gelowiges is die gelowiges wat reeds die wedloop voltooi het, en hulle is nou die skare wat in die pawiljoene sit en besig is om ons aan te spoor sodat ons sal volhard tot ons ook die wenstreep bereik en die oorwinnaarskrans ontvang. Ek is egter glad nie oortuig dit is die beeld wat ons in gedagte moet hê nie. Immers, waar elders word daar in die Bybel geleer dat afgestorwe gelowiges lewende gelowiges aanspoor? Sover ek weet, nêrens nie. Kan ek maar weer na Op 6:9-11 verwys. Daar lees ons dat die afgestorwe gelowiges in die hemel is, en dat daar vir hulle gesê word dat hulle nog 'n kort rukkie moet wag tot hulle medegelowiges ook daar sal wees. En gedurende hierdie kort rukkie, staan daar moet hulle rus. Hier is geen aanduiding dat hulle hierdie kort rukkie moet gebruik om die gelowiges op wie hulle wag, aan te spoor om te volhard in die wedloop nie. Trouens, die feit dat hulle rus is eerder 'n aanduiding dat hulle al iets ervaar van die ewige rus waarin ons almal eventueel sal deelneem, al is dit nog nie die volle rus nie. As jy aan daardie hemelse troonvisioen in Op 4 en 5 dink, lyk dit eerder of hulle in hierdie rus lof bring aan God.

I.p.v. dat ons deur hierdie gelowiges aangespoor word van die pawiljoene af, is ek oortuig wat ons eerder in gedagte moet hê, is dat hierdie gelowiges getuies is vir ons in die sin dat ons kan leer vanuit die manier waarop hulle die wedloop gehardloop het toe hulle hier op aarde was. Dit is tog die inhoud van Heb 11 – verskeie insidente word vir ons voorgehou van hoe hierdie gelowiges gehardloop het. Hulle lewens is vir ons in die Ou Testament opgeteken, ons mag dit lees en dit dien

vir ons as voorbeelde om ons te help terwyl ons nou hardloop. Onthou wat ons gesien het toe ons deur Heb 11 gewerk het: Daar is na baie verskillende persone verwys. Daar is ook na baie verskillende situasies verwys. Die verskillende Ou Testamentiese gelowiges het verskillende situasies beleef in hulle lewens, en ons kan leer hoe die gelowiges in al hierdie verskillende situasies opgetree het. Ons het gesien sommige het 'n groot openbare rol gespeel en het 'n groot stryd gevoer dikwels met indrukwekkende gevolge – dink maar aan Noag wat die hele wêreld moes konfronteer, en alleen saam met sy gesin gespaar is in die sondvloed. Ander weer het 'n baie nederiger rol gespeel – Abel het sy God-welgevallige offer gebring, en is daarna vermoor. Dink aan die weduwee van Sarfat – haar geloof het tot gevolg gehad dat sy haar kind uit die dood terug ontvang het. Ander insidente het vir ons gewys hoe gelowiges in die geloof gesterf het. Die punt is: ons het 'n wolk van gelowiges met verskillende lewens met 'n wolk van verskillende insidente wat vir ons 'n wolk van getuienis lewer oor hoe gelowiges behoort op te tree. Ons beleef 'n verskeidenheid van insidente gedurende ons wedloop – en ons kan gaan kyk na hierdie wolk van getuienisse om daaruit te leer oor hoe ons moet hardloop.

### Hou die oog gerig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof (Heb 12:2)

Lees Heb 12:2. In vers 2 word ons geleer dat ons die wedloop moet hardloop met ons oog gerig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Dikwels word daar geredeneer dat vers 2 beteken ons het in Jesus nog 'n voorbeeld van iemand wat ons in gedagte moet hou terwyl ons besig is om die wedloop te hardloop. Ja, word daar dikwels geredeneer, ons het die voorbeelde van die Ou Testamentiese gelowiges, maar in Jesus het ons die heel beste voorbeeld van hoe om in die geloof te lewe, trouens ons het die perfekte voorbeeld van iemand wat in die geloof gelewe het. Nou, natuurlik is Jesus 'n navolgingswaardige voorbeeld vir ons. Immers, ons lees hier in vers 2 dat Hy die lyding van die kruis kon verduur en dat hy die skande van die kruis kon gering ag, omdat Hy Hom verlustig het in die vreugde wat vir Hom gewag het na die lyding – Hy kon vooruit kyk na die vreugde om Sy plek aan die regterkant van die troon van God te kon gaan inneem, en boonop kon Hy met vreugde vooruit kyk na die realisering van God se koninkryk wat finaal en volmaak gevestig sou word – soos Abraham wat ver vorentoe kon kyk en die stad met die fundamente en God as argitek en boumeester kon sien, soos Moses wat vooruit kon sien die beloning wat hy as gelowige kon verwag, is baie meer werd as die skatte van Egipte, of soos Isak, Jakob en Josef wat op hulle sterfbeddens steeds vorentoe kon kyk na die vervulling van God se beloftes.

Ek is egter oortuig, dat as dit al is wat ons hieruit leer, dan mis ons die punt. Jesus is nie maar net nog 'n voorbeeld van 'n gelowige nie. Jesus as mens is selfs nie net die perfekte voorbeeld van 'n gelowige nie. Nee, Hy is oneindig meer! Heb 12:2 sê: “Hy is die Leidsman en die Voleinder van die geloof”! Hy is die Pionier van geloof! Hy is die Voleinder van geloof! Sonder Hom, is geloof leeg, sonder inhoud. Sonder Hom is daar geen hoop nie. Sonder Hom is daar nie 'n lewende weg nie. Sonder Hom is daar geen toegang tot die heiligdom nie. Sonder hom is daar geen hoop na die dood nie. Sonder Hom is daar, in 'n sekere sin, geen belofte van God nie. In Hom trek al God se beloftes saam. Hy is dié belofte. Hy is die Een wat die nuwe lewende weg geopen het. Hy is die Een wat as Pionier, as Leidsman, dit oopgebeur het. Hy is die Voleinder van die geloof. Hy het die eenmalige en volmaakte offer gebring. Hy het gaan sit aan God se regterhand in 'n posisie van gesag.

Ons lees hier Jesus is die Leidsman van die geloof. Ons het dit al vantevore gelees. Lees Heb 2:9-13. Die konteks van die gedeelte is soos volg: Die Hebreërskrywer is besig om te redeneer Jesus is heerliker as die engele. Een van die bewyse hiervoor is dat God die toekomstige wêreld nie aan engele gaan onderwerp nie, maar wel aan die mens, juis deur die feit dat Jesus mens geword het. In vers 8 gee die skrywer egter toe ons sien nog nie dat alles aan die mens onderwerp is nie. Maar, sê hy in vers 9, ons sien Jesus. Onthou nou Heb 12:2 – in die wedloop van die geloof rig ons ons oë op

Jesus. In Heb 2:9 sê die skrywer ons sien dat Jesus vir 'n kort tydjie minder gemaak is as die engele. Toe ons destyds in detail hierna gekyk het, het ons gesien dit het natuurlik gebeur toe Jesus mens geword. Toe Hy mens geword het, is Hy verneder, en Hy het kom ly tot in die dood toe. Die doel hiermee was dat Hy ter wille van almal, dit is ter wille van al die gelowiges, die dood sou ervaar. Ons weet Hy het nie net die dood ervaar nie, Hy het die dood oorwin. Ons weet dit, want Hy het uit die dood opgestaan. En na Hy uit die dood opgestaan het, het Hy opgevaar, en is Hy met eer en heerlikheid gekroon (Heb 2:9) en het aan die regterkant van God gaan sit (Heb 12:2).

Wat was die doel met dit alles? Heb 2:10 verduidelik: Hy het dit alles gedoen ten einde baie kinders tot heerlikheid te lei, ten einde vir die gelowiges die nuwe lewende weg te open, sodat hulle in heerlikheid in die Allerheiligste van die ware heiligdom mag ingaan. En dan voeg Heb 2:10 by: Jesus is deur hierdie lyding heen tot volmaaktheid gebring, en so het Hy die Leidsman van hulle verlossing geword. Weereens, ons het destyds besin oor wat dit beteken dat Jesus deur lyding heen tot volmaaktheid gebring is. Dit beteken nie dat Hy voor Sy lyding nie volmaak was nie. Dit beteken wel dat Hy tydens Sy lyding gedemonstreer het dat Hy volmaak gehoorsaam was aan Sy Vader toe Hy die volmaakte offer gebring het, dit beteken dat Hy in Sy lyding Hom geassosieer het met die sondige mense vir wie Hy besig was om verlossing te bewerk, dit beteken dat Hy sodoende hulle volmaakte Verlosser geword het. Hy is die Leidsman van hulle verlossing! Hy is die Pionier wat voorgeloop het en hierdie verlossing vir hulle bewerk het. Hy is die Leidsman of Pionier wat die nuwe lewende weg oopgebeur het waarlangs hulle in die Allerheiligste mag inkom. Hy het as Mens self hierdie pad geloop, en toe is Hy met eer en heerlikheid gekroon en het aan God se regterhand gaan sit. Sy werk as Leidsman van verlossing is suksesvol afgehandel. Hy sit daar in die hemel in 'n posisie van gesag. Daarna het Hy die Heilige Gees gestuur. En deur die werk van die Heilige Gees lei Hy elkeen wat die Vader Hom gegee het langs die nuwe lewende weg tot in die heiligdom. Hy is besig tans besig hiermee. Baie het al die wedloop voltooi. Ons is steeds besig. Hy gaan dit voltooi. En dan gaan Hy weer kom. Dan gaan Hy aan al die gelowiges verheerlikte opstandingsliggame gee, Hy gaan hulle uitnooi om finaal die hemelse koninkryk te beërf, en Hy gaan hulle as Sy bruid in die nuwe skepping laat woon as deel van die stad met die fundamente. Hy is nie net die Leidsman of Pionier van gelowiges vir wie Hy die nuwe lewende weg geopen het nie, Hy is ook die Voleinder van hulle geloof wat sal toesien dat al God se beloftes volledig vervul sal word.

Lees Heb 2:11-13. Die resultaat van die werk van Jesus as Leidsman en Voleinder van die geloof is dat die gelowiges een is met Hom. Boonop weet ons Hy is in die Vader, en die Vader is in Hom. Die gelowiges word een met die Vader en die Seun. Hy erken hulle as Sy broers. En Hy besing die lof van Sy Vader. Dit is die vreugde waarvan ons lees in Heb 12:2 – die vreugde wat voor Hom gestel was. Dit was ter wille van hierdie vreugde dat Hy die kruis verduur het en die skande daarvan gering geag het, oftewel dat Hy die Leidsman van hulle geloof geword het. Dit was ter wille van hierdie vreugde dat Hy aan die regterhand van die troon van God gaan sit het om ook die Voleinder te wees van hulle geloof. As Hy al soveel bewerk het tot hiertoe, sal Hy hulle tog nie op hierdie stadium vergeet nie. Nee, Hy beywer Hom steeds om daardie volle vreugde saam met hulle te belewe soos Hy in Heb 2:13b sê: “Hier is Ek en die kinders wat God My gegee het” – die kinders vir wie Hy die Leidsman en die Voleinder van hulle geloof is.

Sekerlik is Jesus oneindig meer as net 'n voorbeeld vir ons. Ja, as mens was Hy die volmaakte voorbeeld van geloof. Maar Hy is oneindig meer as dit: Hy is die Leidsman en die Voleinder van die geloof.

### Samevatting

Die Heilige Gees roep ons op deur die Hebreërskrywer dat ons moet deelneem aan die wedloop langs die nuwe lewende weg. Aan die einde van die wedloop is daar 'n oorwinnaarskrans. Anders as by 'n tipiese wedloop, is dit egter nie net een persoon wat die oorwinnaarskrans ontvang nie – almal wat die wedloop met volharding voltooi, sal die kroon ontvang. Maar dan moet hulle end-uit volhard, tot aan die einde van hulle lewens hier op aarde. Die oorwinnaarskrans is om in die Allerheiligste van die ware tabernakel te mag ingaan. Volharding in die wedloop word sigbaar op 'n paar maniere: Gelowiges raak ontslae van alle laste wat hulle vordering in die wedloop kan belemmer, of wat dalk tot gevolg kan hê dat hulle heeltemal uit die wedloop val. Verder raak hulle ontslae van enige sonde in hulle lewens. Sonde is oortreding van die reëls van die wedloop, en onbekeerde en onbelyde sonde kan hulle diskwalifiseer. Hulle leer hoe om te volhard deur te kyk na daardie gelowiges wat al voor hulle aan die wedloop deelgeneem het en wat volhard het tot die einde toe. Hulle leer uit die optrede van hierdie gelowiges in verskillende situasies. Maar veral hou hulle hulle oog op Jesus. Hulle verstaan dit is Hy wat die wedloop vir hulle moontlik gemaak het deurdat Hy die nuwe lewende weg geopen het. Hulle verstaan Hy het dit gedoen as die Leidsman of die Pionier wat eerste hierdie weg oopgebeur het deurdat Hy mens geword het en as mens die volmaakte offer gebring het vir al daardie kere wat hulle wel gesondig het sodat hulle nie gediskwalifiseer hoef te word nie. Hulle verstaan Hy het hierdie weg in absolute gehoorsaamheid bewandel. Hulle verstaan Hy is reeds in die hemel, en daar tree Hy vir hulle in by die Vader, en herinner die Vader aan Sy volmaakte Hoëpriesterlike werk vir hulle. Hulle hou voortdurend aan Hom vas. Hulle het ook die verwagting dat Hy as Voleinder van hulle geloof, eventueel hulle ook na volmaaktheid sal lei, en dat hulle dan deel sal wees van God se koninkryk wanneer dit in volheid realiseer. In die geloof hou hulle aan Hom vas. Hy is hulle enigste hoop. Maar Hy is ook hulle seker hoop. Hy is hulle Leidsman en Voleinder.

Geliefdes, is bogenoemde 'n refleksie van jou lewe? Volhard jy in die geloofswedloop? Raak jy ontslae van laste en sonde? Hou jy Jesus in die oog as die Leidsman en Voleinder van jou geloof? Indien wel, mag ons uitsien om saam met die al gelowiges deur die loop van die eeue die volle vervulling van God se beloftes te beleef.